# HOOFSTUK 3: DIE LAERSKOOLKIND WAT ONSEDELIK AANGERAND IS

## 3.1 INLEIDING

Die kind in die laerskool bevind hom in die middelkinderjare. In hierdie hoofstuk gaan die kind se ontwikkeling tydens die middelkinderjare beskryf word asook hoe onsedelike aanranding sy ontwikkeling kan beïnvloed. Teen hierdie agtergrond probeer die navorser begrip vir die kind ontwikkel wat voorberei moet word om deel te neem aan die kriminele verhoor. Daar sal vervolgens gefokus word op die volgende aspekte: uitbreiding van vaardighede, liggaamlike vaardighede, kognitiewe ontwikkeling, morele ontwikkeling, persoonlikheidsontwikkeling, die ontwikkeling van die selfkonsep, emosionele ontwikkeling en sosiale ontwikkeling. Die kind se belewenis van onsedelike aanranding sal ook aandag geniet.

## 3.2 UITBREIDING VAN VAARDIGHEDE

Tydens die ontwikkeling van die kind vind daar uitbreiding van vaardighede op alle terreine plaas. Volgens Schoeman (1999:29) is dit ‘n tyd waarin patrone gevestig word en waarin kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling plaasvind. Louw (1998:326) verwys na die ontwikkeling van die kind as die tydperk van psigo-seksuele latentheid, teenoor Erikson (in Louw, 1998:326) wat dit omskryf as die tydperk van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Volgens Bukatko en Daehler (1998:3) kan ontwikkeling beskryf word as fisiese en psigiese verandering in die individu se lewe oor ‘n tydperk. Schoeman (1999:29) meld die volgende ontwikkelingstake wat tydens hierdie lewensfase uitgevoer moet word:

- verdere verfyning van motoriese ontwikkeling;
- vaslegging van geslagsrolidentiteit;
- ontwikkeling van konkreet-operasionele denke;
- uitbreiding van kennis;
- uitbreiding van sosiale deelname;
- ontwikkeling van groter selfkennis; en
- ontwikkeling van morele oordeel en gedrag.

Die ontwikkelingstake wat die kind moet bemeester sluit die liggaamlike, kognitiewe, morele, persoonlikheids-, selfkonsep-, emosionele, en sosiale ontwikkeling in. Daar sal vervolgens aan hierdie aspekte aandag gegee word.

## 3.3 LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING

‘n Opvallende kenmerk van die liggaamlike ontwikkeling van die kind tydens die middelkinderjare is dat die arms en bene vinniger as die romp groei. Louw (1998:327) meld dat die liggaamsproporsies geleidelik verander en dat die kind se liggaam die vorm van ‘n volwassene aanneem. Volgens Schoeman (1999:30) bereik die brein sy volwasse grootte en gewig, asemhaling word meer egalig en dieper, die bloedsomloopstelsel funksioneer teen ‘n stadiger tempo en die melktande word met permanente tande vervang.

Die fisiese en motoriese ontwikkeling van kinders is bevorderlik vir verskeie fasette van persoonlikheidsontwikkeling. Louw (1998:329) stel dit dat die verwerwing en verfyning van ‘n verskeidenheid psigo-motoriese vaardighede een van die uitstaande ontwikkelingskenmerke van die kind in sy middelkinderjare is.

## 3.4 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Die skool speel ‘n belangrike rol in die kognitiewe ontwikkeling van die kind. Indien die kind in hierdie lewensfase gehelp kan word om in sy eie vermoëns te glo, bevorder dit sy selfvertroue (Louw, 1998:330-342).

Louw (1998:330) noem dat die kind toegerus word met inligting wat sy wêreldkennis vermeerder. Dit word van hom verwag om hierdie kennis te onthou en dit te gebruik wanneer kognitiewe take uitgevoer word. Die twee belangrikste kognitiewe benaderings tot die ontwikkeling van die kind is Piaget se teorie en die inligtingverwerkingsbenadering. Louw (1998:330) noem dat Piaget in sy boek *The Moral Judgement of the Child* (1932) beklemtoon dat die morele ontwikkeling van kinders in ‘n bepaalde volgorde plaasvind. Hy toon verder dat daar ‘n verband tussen morele en kognitiewe ontwikkeling bestaan. Geldard en Geldard (2003:33) noem dat Piaget ‘n konsep van kinders ten opsigte van hulle vaardighede en gedrag tydens spesifieke ontwikkelingsfases het en vlakke van kognitiewe ontwikkeling identifiseer.

Daarteenoor omskryf Louw (1998:335) die inligtingsverwerkingsbenadering as die geheuespan van die kind, wat beïnvloed word deur die verwerkingspoed en die hoeveelheid inligting waaruit ‘n inligtingsbrokkie bestaan. Indien die inhoud van ‘n inligtingsbrokkie toeneem, sal die inligting wat in die werkgeheue geberg word, ook toeneem. Dit impliseer dat meer inligting binne ‘n bepaalde tyd verwerk kan word indien die verwerkingspoed toeneem. Die kind se geheuevermoëns neem toe en sy taal ontwikkel. Louw (1998:342) wys daarop dat die funksionering van skoolkinders se geheue beïnvloed word deur hulle geheuestrategieë, hulle kennisbasis en metageheue. Hulle word beter inligtingverwerkers omdat hulle verwerkingspoed en werkgeheue-omvang vermeerder.

Die uitdrukkingsvermoë van skoolkinders neem toe namate hulle nuwe woorde aanleer en die betekenisse daarvan verstaan. Louw (1998:343) noem dat kinders reeds teen skoolgaande ouderdom figuurlike taal soos “die son is soos ‘n gloeiende kool”, metafore soos “n hart van goud”, en ironie soos “kyk hoe skoon is sy hande”, bedoelende dat sy hande vuil is, kan verstaan. Op sewejarige ouderdom besef kinders dat wat gesê word en wat in werklikheid bedoel word, nie noodwendig dieselfde is nie. Volgens Bukato en Daehler (1998:233) is daar individuele verskille tussen kinders wat betref die vaardigheid wat hulle vanaf agt tot veertien jaar ontwikkel om effektief met ander te kommunikeer. Korrekte taalgebruik stel die kommunikeerder in staat om die situasie reg te verstaan en om die behoeftes van die luisteraar te identifiseer en dienooreenkomstig op te tree deur die korrekte stembuiging te gebruik. Adler en Rodman (2003:25) stel dit verder dat betekenisse in mense lê en nie in hulle woorde nie. ‘n Voorbeeld hiervan is waar ‘n persoon sê dat hy eerlik sal wees en dit net ‘n jaar daarna blyk dat hy allesbehalwe eerlik was.

Louw (1998:331-334) sluit aan by Wilson en Powell (2001:5) wat van mening is dat kinders se denke aanvanklik baie abstrak is. Dit word bepaal deur dit wat hulle sien, hoor, ruik, proe en voel. Die skrywer konstateer verder dat kinders leer om voorwerpe op grond van meer as een kriterium te klassifiseer en dat hulle die vermoë ontwikkel om verskeie aspekte van ‘n saak te oorweeg (desentrering). Die konkreet-operasionele periode is die fase waartydens kinders konservasie verstaan en hulle besef dat die kwantitatiewe verhouding tussen dinge dieselfde bly, ten spyte van perseptuele verandering. Kinders verwerf begrip van getalle en die vermoë tot reeksvorming. Hulle verwerf begrip van die kenmerke van getalle en die konservasie van getalle. Daar is ‘n noue verband tussen kognitiewe en morele ontwikkeling. Louw (1998:377-378) beweer op grond van die bevindings van verskeie navorsers dat

kognitiewe ontwikkeling gebasseer is op individuele, morele ontwikkeling en op die persoon se begrip van die situasie.

### 3.5 MORELE ONTWIKKELING

Louw (1998:377-378) konstateer dat 'n ten volle ontwikkelde moraliteit uit die volgende vier komponente bestaan:

- die herkenning van en sensitiwiteit vir 'n gegewe sosiale situasie wat tot die bewustheid van die bestaan van 'n morele probleem lei;
- morele oordeel ten einde oortuig te wees wat in 'n gegewe situasie gedoen behoort te word;
- waardes en ander invloede wat 'n plan van aksie in ooreenstemming met morele ideale beïnvloed; en
- uitvoering en implementering van morele optrede in ooreenstemming met sekere doelwitte.

In terme van Piaget se teorie het kinders reeds aan die einde van die middelkinderjare volle morele ryping bereik. Kholberg, volgens Louw (1998:382), verwerp egter hierdie siening en meld dat die moraliteit van kinders van hierdie ouderdom eerder deur outonome individuele gewetensbeginsels gekenmerk word. Piaget (in Louw, 1998:380) beskryf immanente geregtigheid met die voorbeeld van 'n kind wat 'n koekie steel en val en dan glo dat dit sy straf is vir die oortreding. Teen die tiende lewensjaar bereik kinders die fase van morele relativisme. Kinders is tydens hierdie fase minder egosentries en meer buigsaam. Die siening dat reëls verbreek mag word wanneer dit in mense se belang is, word nou begryp.

Volgens Louw (1998:379), beweer Piaget dat sowel kognitiewe ryping as sosiale ervaring 'n rol speel in die oorgang van heteronome na outonome moraliteit. Kognitief is daar 'n afname in egosentrisme en 'n ontwikkeling van die rolbesettingsvermoë. Kinders leer dus om morele kwessies vanuit verskillende perspektiewe te sien. In die portuurgroep waar kinders op 'n gelyke vlak met maats is, lei dié kontak tot meer buigsame moraliteit wat meebring dat kinders se respek vir volwasse gesagsfigure afneem en dat hulle selfrespek en respek vir die portuurgroep toeneem. Hulle besef dat reëls arbritêre ooreenkomste is wat kan verander met die toestemming van die betrokke partye.

Volgens Turner en Helms (in Louw, 1998:352) kan kinders nie liefde ten volle begryp totdat hulle kognitiewe vermoëns redelik ontwikkel het nie. Die rede hiervoor is die feit dat liefde baie abstrakte kwaliteite het. Dinnage (in Louw, 1998:352) beweer dat kinders wat baie liefde ontvang makliker in staat is om liefde te betoon. Die uitdrukking van liefde verander tydens die middelkinderjare en kinders leer dat daar ander maniere is waarop liefde betoon word, soos byvoorbeeld deur mededeelsaamheid en deur te gesels. Hulle uitdrukking van liefde word meer volwasse omdat hulle 'n sensitiwiteit vir ander persone ontwikkel en weg beweeg van 'n egosentriese ingesteldheid. Geslagsrolle het ook 'n beduidende invloed op die uitdrukking van liefde. 'n Stereotipe opvatting is byvoorbeeld dat 'n seun in sy middelkinderjare nie teerheid mag bewys nie, aangesien hy dan 'n "sissie" is.

Louw (1998:380) stel dit dat kognitiewe ontwikkeling 'n voorvereiste vir morele ontwikkeling is. Daar is 'n verband tussen kinders se ouderdomme en hulle stadia van morele redenering. Jonger kinders se gedrag toon meermale aspekte van heteronome moraliteit soos die vashou aan immanente geregtigheid. Vir sulke kinders is die gevolge van 'n onsedelike daad belangriker as die voorneme van die oortreder wanneer hulle morele oordele moet maak.

## 3.6 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Die teoretiese perspektief van persoonlikheidsontwikkeling word in die kind se middelkinderjare deur Freud en Erikson as 'n tydperk van emosionele kalmte beskou. Freud beskou hierdie periode as 'n latente periode terwyl Erikson dit weer as 'n stadium van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid beskou. (Vergelyk Louw, 1998:348; Gething & Papalia, 1999:286.) Die leefwêreld van die kind het drasties verander in vergelyking met die vorige eeu. Volgens Gething en Papalia (1999:287) het ouers bewus geraak van hulle invloed op kinders wat veroorsaak dat hulle angstig is oor hulle rol as ouer en gevolglik hulle vrese op hulle kinders kan oordra. Enkelouerskap bring groter verantwoordelikheid vir die kind mee weens die moeder of vader wat alleen broodwinner is en verpligtinge wat onderling gedeel moet word. Die vinnig ontwikkelende tegnologie plaas druk op die ouer om die kind voor te berei om sy rol in die samelewing mededingend na te kom. Die televisie speel 'n betekenisvolle rol in die kind se lewe deur hom in kontak te bring met wêreldgebeure. Die veranderde leefwêreld van die kind ontneem hom van ander noodsaaklike aktiwiteite soos aktiewe spel en lees. Daar word van kinders verwag om meer volwasse te wees weens meer blootstelling aan volwassenes wat nog nie hulle kinderjare se onvoltooidhede en probleme

verwerk het nie. Kinders is nie klein grootmense nie. Hulle voel en dink nog steeds soos kinders. Hulle het ‘n kindertydperk nodig vir kognitiewe en emosionele ontwikkeling wat hulle persoonlikheid beïnvloed.

Die kind se persoonlikheid word beïnvloed deur onder andere tyd om noodsaaklike aktiwiteite soos eet, skoolgaan, slaap, persoonlike versorging en tuiswerk te doen. Gething en Papalia (1999:288-289) is bekommerd oor die hoeveelheid tyd wat die kind voor die televisie deurbring. Blom (2004:121) stem saam met Paplia dat speel noodsaaklik is om energie vry te stel, die kind voor te berei op toekomstige verantwoordelikheid, en vir die bereiking van mylpale en verligting van frustrasie weens die uitdrukking van emosie en uitspeel van trauma. Die portuurgroep speel ‘n belangrike rol in die kind se lewe ten spyte van betekenisvolle verhoudings met hulle ouers en ander persone. Gething en Papalia (1999:289) en Blom (2004:121) dui beide aan dat humor ‘n bepaalde rol in die ontwikkeling van die kind speel. Die populêre kind is ondersteunend en help graag sy maats en is bekend vir sy humor. Gething en Papalia (1999:289) meld dat kinders wat vreemd optree of kognitief stadig is, maklik deur die portuurgroep uitgesluit word weens hierdie kinders se beperkte sosiale vaardighede om hulleself suksesvol te handhaaf. Uitsluiting van die portuurgroep sal ‘n negatiewe invloed op die persoonlikheid van die kind hê.

Gething en Papalia (1999:292) dui aan dat vriendskap in die kind se ontwikkeling verander en ‘n betekenisvolle rol speel in onderlinge verhoudings. Hierdie verhoudings word gekenmerk deur sensitiwiteit, liefde en onderlinge respek wat manifesteer in die verwagting van om te gee en te neem. ‘n Voorbeeld hiervan is ‘n persoon wat met jou speel as jy niemand anders het om mee te speel nie.

Volgens Gething en Papalia (1999:293) ontwikkel die kind ‘n selfbewussyn deur sy interaksie met ander. Die kind se selfbeeld word dus beïnvloed deur verskeie interaksies met verskillende persone. Die skrywers noem dat die herkenning van die psigologiese natuur van die self die kind in staat stel om homself as ‘n unieke wese, verskillend van ander, te ervaar alhoewel sy gedagtes en gevoelens met ander s’n kan ooreenstem.

Volgens Blom (2003:2) begin die bevordering van ‘n gesonde samelewing by die opvoeding en ontwikkeling van die kind. Die grondslag wat in die kinderjare gelê word beïnvloed mense se geluk vir die res van hulle lewe. Kinders leer reeds van geboorte van liefde. Die kind se

persoonlikheid word verder beïnvloed deur ouers wat hulle kinders met die nodige respek hanteer, dissipline handhaaf en sodoende kinders help om selfvertroue te ontwikkel ten spyte van beperkings wat aan die kind gestel word.

## 3.7 ONTWIKKELING VAN DIE SELFKONSEP

Die selfkonsep van die kind ontwikkel vinnig en word vervolgens bespreek.

### 3.7.1 Die selfkonsep van die kind

Volgens Louw (1998:348-354) kan die selfkonsep van die kind beïnvloed word deur spesifieke ervarings wat belangrike gevolge vir die kind inhou. Die kind ontwikkel 'n konsep van hoe hy is, dus die ware self, en van hoe hy graag wil wees, dus die ideale self. Verder ontwikkel die kind die vermoë om akkurate beoordelings van homself te maak. Die kind is veral weerloos wanneer sy onsedelike aanranding spruit uit die oortreder se misbruik van kontrole en mag. Die verskillende fases van ontwikkeling wat die kind suksesvol moet bemeester alvorens hy homself positief en aanvaarbaar kan aanbied moet in gedagte gehou word wanneer hy homself beoordeel. Die kind wat die liefde en respek van sy ouer ontbeer en wat sy opvoedingsituasie as onaangenaam beleef, kom nie tot selfaktualisering nie. Raath en Jacobs (1990:1) beklemtoon die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep as een van die belangrikste ontwikkelingstake van die kind. Die begrip "selfkonsep" kan omskryf word as die beeld wat die kind van homself het, en wat gevorm word deur ervarings waaraan hy blootgestel word. Die ontwikkeling tot volwassenheid moet volgens Raath en Jacobs (1990:2-3) beskou word as 'n geïntegreerde proses wat nie in waterdigte kompartemente ingedeel kan word nie.

### 3.7.2 Teoretiese begronding van die selfkonsep

Die teoretiese begronding van die selfkonsep word in Raath en Jacobs (1990:5) omskryf as betekenisgewing, belewing, betrokkenheid en selfaktualisering wat saamhang met die vorming van verhoudings en die opvoedkundige klimaat waarin die ek, self, identiteit en selfkonsep staan. "Ek" word beskou as die subjek, dit lê onder die vlak van bewussyn, is nie-waarneembaar en behoort tot die geestelike dimensie van menswees. Die "my" is 'n objek en word gelyk gestel met die self. Bogenoemde skrywers meld dat die "self" die kern van elke

mens se leefwêreld soos hy dit waarneem en ervaar verteenwoordig: "Die gestalt van wat hy syne kan noem". Die "identiteit" word omskryf as die betekenis wat die mens aan homself heg, die antwoord op die vraag: "Wie is ek?".

Ryan (1997:27) merk op dat die gemak waarmee 'n persoon sy sensoriese werklikheid benut beïnvloed word deur sy proses van belewing en waarneming: *"We know the world only through oor senses*: *they are our windows on the world."* Volgens Raath en Jacobs (1990:9) word die kind nie gebore met 'n bewussyn van 'n eie identiteit nie, maar leer hy homself ken na aanleiding van ander se goedkeuring of afkeuring. Die kind kan bepaalde keuses in sy gedrag uitoefen en hy moet leer hoe hy sy gedrag moet rig om aanvaar te word. Die kind se omgewing, betekenisvolle verhoudings en blootstelling aan keuses vorm dus 'n bewussyn van sy eie identiteit en selfkonsep.

### 3.7.3 Verskillende emosionele bewussynsvlakke

Daar is verskillende emosionele bewussynsvlakke waarop die kind funksioneer. Blom (2003:5-6) konstateer dat kinders in verskillende omstandighede op verskillende emosionele bewussynsvlakke funksioneer. Blom (2003:5-6) omskryf selfbewussyn soos volg: "Om ten volle bewus te wees van jou eie gedrag, denke, gevoelens, fisiese ervaringe, spiritualiteit, asook bewustheid van dit wat jou bewussyn verhinder". Sy identifiseer onder andere die volgende vlakke van funksionering:

- gevoelloosheid - kinders ervaar geen emosies nie;
- fisiese sensasies - kinders ervaar fisiese sensasies sonder emosies;
- primitiewe ervaring - kind is bewus van emosies maar ervaar 'n verhoogde vorm van versteurde energie en 'n onvermoë om gevoelens te verbaliseer;
- differensiasie - kinders raak bewus van die verskil tussen basiese emosies en begryp dit kan in verskillende intensiteite voorkom.

### 3.7.4 Selfkennis

Die kind leer ken homself as kind van sy ouers, hy word dus aanvaar of verwerp deur sy ouers. As skolier word hy aanvaar of verwerp deur onderwysers, en word beskou as slim of dom. As deel van 'n groep word hy aanvaar deur sy maats, en tree hy op as 'n leier of 'n

navolger. Deur hierdie verskillende identiteitskomponente vorm die kind sy eie identiteit. Kortom, die self is ‘n produk van ervaring en interaksie met ander mense. Volgens Adler en Rodman (2003:48) leer ons die mees betekenisvolle aspekte van onsself deur ander mense. Mense se gedrag en optrede teenoor ons help ons om afleidings te maak oor hoe hulle teenoor ons voel.

Kinders se kennis van hulself is nie net op prestasie gebaseer nie, maar ook op hulle behoeftes en verwagtings. Hulle selfkonsep word ook beïnvloed deur regulering van hulle eie gedrag. Dit bring volgens Adler en Rodman (2003:48) mee dat kinders die vertroue ontwikkel om aan persoonlike en sosiale verwagtings te voldoen. Die wyses waarop kinders deur volwassenes en veral hulle ouers behandel word beïnvloed hulle selfagting.

Dit word algemeen deur sielkundiges aanvaar dat gevoelens en waardes wat mense van hulself het, hulle gedrag beïnvloed. Ondersoeke deur Raath en Jacobs (1990:85) toon dat ‘n lae selfkonsep tot gebrekkige intellektuele, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling lei. Die vorming van die selfkonsep van die kind strek oor die kind se hele lewe. In die lig van die verskillende stadia van ontwikkeling waarin die kind gevoelens van skuld en skaamte, magteloosheid en lae selfbeeld, selfvernietigende gedrag, vae grense en rolverwarring, reggresserende ontwikkeling, dissosiasie, depressie, onderdrukking van aggressie en onvanpaste seksuele gedrag openbaar, bevestig die kind se weerloosheid en sy onvermoë om die betrokke stadia suksesvol te voltooi.

### 3.7.5 Lae selfbeeld

Volgens Schoeman (2000:5-17) ervaar die kind met ‘n lae selfbeeld probleme op bykans elke vlak van ontwikkeling. So ‘n kind moet gehelp word om beheer en verantwoordelikheid vir homself te aanvaar, hy moet gehelp word om nie net sy probleem aan te spreek nie, maar om homself te aktualiseer, te onderhou en vir homself om te gee. Verder moet polariteite aangespreek word omdat kinders gevoelens van liefde en haat vir dieselfde persoon kan ervaar. In hierdie verband moet aandag gegee word aan die kind se kontakfunksies, selfonderhouding, selfvertroeteling en die hantering van sy innerlike proses.

## 3.8 EMOSIONELE ONTWIKKELING

Emosionele ontwikkeling van die kind is ‘n belangrike fase op pad na volwassenheid. Volgens Turner en Helms (in Louw, 1998:349) gaan die middelkinderjare met groter emosionele volwassenheid gepaard. Dit impliseer dat daar ‘n verandering is van hulpeloosheid na onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid, wat groter buigsaamheid en die uitdrukking van groter emosionele differensiasie tot gevolg het. Blom (2003:9) verwys na navorsing deur Harter wat beweer dat kinders se begrip van ambivalente emosies volgens bepaalde stadia ontwikkel. Hierdie stadia word hieronder kortliks omskryf.

Kinders jonger as ses jaar kan ‘n situasie beskryf maar ontken dat ‘n situasie meer as een emosie kan ontlok. Van ongeveer ses tot agt jaar begin kinders om situasies te beskryf wat twee emosies kan ontlok, maar die een emosie word gevolg deur die ander. Van ongeveer agt tot tien jaar begin kinders om situasies te beskryf wat twee emosies gelyktydig kan ontlok. Kinders van tien jaar en ouer begin dit regkry om twee teenoorgestelde emosies te integreer.

Voorts noem Blom (2003:8) dat, teen elfjarige ouderdom, die kind se bewustelike denke as primêre leidraad van sy emosies dien. Beide die jonger en ouer kind benut gedragsvoorbeelde (as ek kwaad is slaan ek op die tafel) en fisiologiese leidrade (as ek kwaad is kry ek ‘n hoofpyn) om bewussyn van emosies te identifiseer. Die jonger kind benut eerder situasionele leidrade (dit was my verjaardag en daarom is ek bly) om bewussyn van emosies te bekom. Kinders se begrip van emosie beweeg vinnig gedurende die skoolgaande jare verby basiese emosies soos woede en blydskap, na meer komplekse emosies soos jaloesie en trots (Blom, 2003:8).

Volgens Blom (2003:5) is dit noodsaaklik dat kinders vaardighede aanleer om hulle selfbewussyn te bevorder. Selfbewussyn is die sleutel tot emosionele intelligensie. ‘n Kind wat nie weet wat hy voel nie kan ook nie sy emosie bestuur nie. Volgens Blom (2003:5) is die vaardighede wat die kind benodig om sy selfbewussyn te bevorder die volgende:

- om emosies te identifiseer aan die hand van liggaamlike leidrade, emosies en gedagtes;
- om emosies korrek te benoem, asook om redes vir emosies aan te voer;
- om ‘n emosionele woordeskat te ontwikkel;

- om teenstrydige emosies soos die ervaring van liefde en woede op dieselfde tydstip te begryp;
- om selfkennis en kennis van eie sterktes en beperkinge te ontwikkel; en
- om bewussyn van eie behoeftes en wyses van bevestiging daarvan te ontwikkel.

### 3.8.1 Die aard en kwaliteit van emosie

Geslagsrolstereotipering beïnvloed die aard en kwaliteit van emosionele uitdrukking. Seuns mag byvoorbeeld nie hulle gevoelens toon nie en dogters mag nie aggressief wees nie. Volgens Louw (1998:349) verander kinders se begrip van emosies en ervaringe tussen ses en elf jaar. Sulke kinders glo dat hulle emosionele belewing intern veroorsaak word. Sosiale reëls beheer hulle emosies, hulle lees gesigsuitdrukkings met groter akkuraatheid, hulle verstaan dat emosionele toestande psigies verander kan word en hulle besef dat mense gelyktydig meervoudige emosies kan ervaar.

Vander Zanden (in Louw, 1998:349) is van mening dat kinders in hierdie ouderdomsgroep ook gevoelens herken soos woede, treurigheid en geluk en hulleself daarmee kan identifiseer na gelang van hulle gevoelens. Hulle verstaan hoe ander mense voel, waarom hulle so voel en hulle kan hulle emosies in bedwang hou en dit selfs wegsteek.

### 3.8.2 Ontwikkeling van sensitiwiteit

Die ontwikkeling van die kind se sensitiwiteit vir ander is 'n geleidelike proses. Kinders word volgens Louw (1998:352) bewus daarvan dat mense se waarnemings en denke verskil, dat daar 'n gaping kan wees tussen wat iemand se bedoeling kan wees en dit wat hy in werklikheid doen, en dat mense se ervarings van dieselfde gebeurtenisse verskil. Die kind toon die behoefte om ander tot hulp te wees. Verskeie ondersoeke toon dat altruïsme, die behoefte om ander tot hulp te wees, met ouderdom toeneem en verband hou met die vlak van morele ontwikkeling. Kinders besef dat hulle gedrag ook 'n reaksie ontlok by diegene wat hulle waarneem. Ontwikkeling van sensitiwiteit bring mee dat kinders toegerus word vir die eise wat sosiale deelname gaan bring.

### 3.8.3 Emosies met toepaslike liggaamsreaksie

Volgens Anderson en Guerrero (1998:12) ervaar die mens sewe algemene emosies. Die emosies word vervolgens aan die hand van die toepaslike liggaamsreaksies beskryf.

*Geluk:* Word geassosieer met verhoogde liggaamstemperatuur en ‘n verhoogde hartklop, met gepaardgaande ekspressiewe gedrag soos ‘n glimlag, verandering in stemtoon en ‘n vrolike voorkoms.

*Vrees:* Word geassosieer met verhoogde hartklop, gespannenheid, verandering in asemhaling, verlaagde temperatuur, sweet, knop in die keel en gaan gepaard met ekspressiewe gedrag soos stilte en angstige gesigsuitdrukkings. Volgens Louw (1998:345) is daar tydens die kind in sy middelkinderjare ‘n afname in vrees wat verband hou met liggaamlike veiligheid, terwyl daar geen beduidende afname is in vrese vir bo-natuurlike magte en monsters nie. Soos hulle sosiale grense uitbrei, ontwikkel kinders nuwe vrese wat verband hou met hulle akademiese prestasies, onderwysers en vriende. Kinders is ook bang dat hulle ouers kan doodgaan. Die probleme van die tyd waarin die kinders leef beïnvloed ook hulle vrese, soos kernoorloë, vigs en besoedeling. Kinders toon merkbare verskille ten opsigte van oorsake van vrees en wanneer hulle vrees beleef.

*Aggressie:* Word geassosieer met verhoogde hartklop, gespanne liggaamshouding, verandering in asemhaling en verhoogde temperatuur en gaan gepaard met ekspressiewe gedrag soos toepaslike gesigsuitdrukkings, stemverandering en konstante aggressie.

*Hartseer:* Word geassosieer met ‘n knop in die keel, gespannendheid en met ekspressiewe gedrag soos huil, vermyding en gepaardgaande gesigsuitdrukkings.

*Verontwaardiging:* Word nie geasosieer met besondere liggaamlike reaksies nie, maar wel met ekspressiewe gedrag soos stilte en toepaslike gesigsuitdrukkings.

*Skaamte:* Word geassosieer met verhoogde liggaamstemperatuur en hartklop, asook met ekspressiewe gedrag soos stilte en die toepaslike gesigsuitdrukkings.

*Skuld:* Word geassosieer met ‘n knop in die keel en ekspressiewe gedrag soos stilte.

## 3.9 SOSIALE ONTWIKKELING

Kinders word aan verskeie sosiale leerervarings blootgestel wat ‘n invloed op hulle ontwikkeling kan uitoefen (Louw, 1998:354). Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die rol wat die gesin, die skool en die portuurgroep in die ontwikkeling van die kind speel.

### 3.9.1 Die gesin

Volgens Louw (1998:354-356) moet ouers in besluite wat hulle neem die kind beskerm en as buffer teen die gemeenskap dien. Die ouer leer die kind om morele, godsdienstige en kulturele waardes te handhaaf en hoe om interpersoonlike verhoudings en verskille te hanteer en geskille op te los. Die rol van die ouer verander geleidelik aangesien die kind saam met die ouers besluite wil neem oor homself en mettertyd selfs alleen wil besluit.

Kinders bevraagteken hulle ouers se besluite as hulle sien dat hulle maats se ouers ander besluite neem oor dieselfde aangeleentheid. Die realiteit is dat ouers weens hulle eie ervaringe en persoonlikhede hulle eie ouerskapstyle ontwikkel. Dit kan tot gevolg hê dat sekere ouerskapstyle die kind se ontwikkeling in ‘n bepaalde rigting stuur (Louw, 1998:355).

Sosiale ondersteuning in die vorm van vriende en familie kan in ‘n groot mate die negatiewe invloede van materiële krisisse teenwerk. Die gesin as ‘n geheel funksioneer nie as ‘n losstaande entiteit nie. Vriende en familie het ‘n belangrike invloed op die gesin se interaksie onderling (Louw, 1998:355).

‘n Kind met ‘n moeilike temperament het volgens Louw (1998:357) ‘n aandeel in die aard en kwaliteit van die ouer-kindverhouding. Bronne van stres en gebrekkige of afwesige ondersteuning kan geïdentifiseer word, soos byvoorbeeld in gevalle waar ouers nie in die kinders se materiële behoeftes kan voorsien nie.

Vervolgens word ‘n kort uiteensetting gegee van drie ouerskapstyle wat geidentifiseer word deur Louw (1998:365-357) en Kitching (2000:24-26).

- Die outoritêre ouer teenoor die gesaghebbende ouer

Die outoritêre ouer vereis konformiteit en gehoorsaamheid. Kitching (2000:24-26) stel dit dat ‘n outokratiese ouer “dooiemansgehoorsaamheid” van kinders vra. Hiervolgens het die kind nie ‘n eie siening nie en indien hy een het is dit nie veel werd as dit van sy ouers s’n verskil nie. Geen teenspraak word geduld nie, gedrag word streng gekontroleer en indien die kind nie aan die ouers se eise gehoor gee nie, word hy verwerp. Volgens Louw (1998:356) lei hierdie ouerskapstyl by die kind tot lae selfagting, teruggetrokkenheid, aggressie en onvermoë om verhoudings in stand te hou. So ‘n kind neig tot anti-sosiale optrede en swak prestasie op skool.

Die gesaghebbende ouer daarenteen, glo aan ‘n oop verhouding met sy kind. Volgens Kitching (2000:25) word die kind erken as iemand wat ‘n gelyke aandeel het in die verhouding. Dit impliseer dat die kind ‘n aandeel het in besluite oor homself en oor gesinsaangeleenthede; hy mag dus van sy ouer verskil. Dissipline word nie met gesag afgedwing nie, maar dien eerder as oorreding tot samewerking. Louw (1998:356) beklemtoon dat kinders wat blootgestel word aan hierdie ouerskapstyl ‘n hoër selfagting het as kinders wat onderwerp word aan die outokratiese ouerskapstyl. Die kind met ‘n hoë selfagting is in staat om morele standaarde te internaliseer en presteer ook beter op akademiese gebied.

- Die permissiewe ouer teenoor die dominerende ouer

Die permissiewe ouer stel volgens Kitching (2000:25) min eise. Reëls word maklik gebuig en oortredings word verskoon. Kinders kan hulle eie besluite neem en konflik word vermy ter wille van vrede. Louw (1998:356-357) beskryf dit as ‘n oorverdraagsame benadering tot ouerskap. Hierdie benadering veroorsaak dat kinders impulsief en aggressief optree, met ‘n gebrek aan selfbeheer. Hulle neem nie verantwoordelikheid nie en kom minder volwasse voor teenoor hulle vriende en in hulle gedrag in die skool.

Die dominerende ouer verskil volgens Kitching (2000:25) van die permissiewe ouer daarin dat hy die verhouding tussen hom en die kind oorheers. Mag en dwang word as dissiplinêre tegniek in hierdie ouerskapstyl gebruik.

- Die onbetrokke ouer

Die onbetrokke ouer toon geen belangstelling in die kind nie en skep volgens Kitching (2000:26) die indruk van onverskilligheid. Die kind word fisiek en emosioneel verwaarloos, wat meebring dat hy deur sy foute moet leer sonder die ouer se ondersteuning.

### 3.9.2 Die skool

Volgens Louw (1998:363) kan ouers in ‘n groot mate hulle kinders se vermoë om suksesvol aan te pas en te presteer beïnvloed. Ouers van suksesvolle kinders moedig hulle kinders aan om ouderdomstoepaslike take by die skool en die huis te bemeester. Die ouer-kindverhouding is onlosmaaklik deel van die ondersteuning aan die kind se ontdekkingsreise in die skoolmilieu waar die kind die bekende huislike omgewing verlaat. Louw (1998:365) toon dat die onderwyser ‘n belangrike rol in elke kind se leerervaring speel en ‘n belangrike invloed op feitlik alle fasette van sy ontwikkeling uitoefen. Die onderwyser verbreed die kind se leefwêreld deur leer en sosiale vaardighede te fasiliteer (Louw, 1998:367).

### 3.9.3 Portuurgroepe

Die portuurgroep speel ‘n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind. Sowel Williams en Stith as Vander Zanden (in Louw, 1998:369) meld die onderstaande belangrike funksies ten opsigte van die portuurgroep.

- Kameraadskap: die kind het persone met wie hy sy tyd en geselskap kan deel.
- Geleentheid vir nuwe gedrag: die kind word aangemoedig om onafhanklik van sy ouers se waardes en standaarde op te tree.
- Kennis en inligting: die oordra van byvoorbeeld seksvoorligting kan soms onvolledig wees en verskeie mites bevat.
- Reëls en regulasies: lede van die portuurgroep wat die groep se reëls oortree word gestraf deur die groep. Diegene wat die reels gehoorsaam word beloon deur aanvaarding deur die groep.

Volgens Gething en Papalia (1999:289) help die portuurgroep die kind om ‘n opinie van homself te vorm deur die reaksie van lede van die groep. Die portuurgroep gee kinders die geleentheid om hulle opinies, idees en waardes wat hulle voorheen onvoorwaardelik aanvaar het, weg van hulle ouers te toets. Die portuurgroep verskaf ook emosionele sekuriteit. Die portuurgroep help die kind om hom voor te berei om homself te handhaaf in die samelewing.

## 3.10 DIE INVLOED VAN ONSEDELIKE AANRANDING OP DIE KIND SE ONTWIKKELING

Die navorser is van mening dat onsedelike aanranding wel ‘n invloed op die kind se ontwikkeling het. Dit is veral die ontwikkeling van die selfkonsep wat dikwels negatief beïnvloed word. Die invloed van onsedelike aanranding op die kind word volgens Richter en Higson-Smith (2004:21) deur verskeie gebeure bepaal, naamlik: die ervaring van die kind, die tydperk van die onsedelike aanranding, die ouderdom van die kind, die omstandighede waaronder onsedelike aanranding plaasvind en die effek van onsedelike aanranding op die kind en sy gesin.

## 3.11 DIE KIND SE BELEWENIS VAN ONSEDELIKE AANRANDING

Die uitvoer van die kind se ontwikkelingstake kan negatief beïnvloed word weens die belewenis van onsedelike aanranding. Hieronder volg ‘n bespreking van die verskillende faktore wat hierin ‘n rol kan speel.

### 3.11.1 Geheimhouding

Volgens Raath en Jacobs (1990:68) beskou die kind sy ouers as die vertolkers van die vreemde wêreld buite die gesin; hy identifiseer met die ouers omdat hulle die belangrikste persone in sy lewe is. Morgan (1995:110-111) meld dat die moontlikheid bestaan dat jong kinders intense vrees ervaar om onsedelike aanranding aan te meld wanneer die oortreder ‘n ouerfiguur, familielid of ‘n bekende is. Die rede hiervoor is dat hulle verwerping deur die oortreder vrees. Hobbs, Hanks en Wynne (1993:127) stel dit dat kinders gedreig word met fisiese geweld en die weerhouding van ouerliefde indien hulle die onsedelike aanranding bekend maak. Wanneer kinders wel pogings aanwend om daaroor te praat, word hulle nie geglo nie en verder gestraf.

Volgens Lewis (1999:110) veroorsaak die ontdekking van die oortreding dikwels verdere trauma en spanning vir die kind; hy word gestraf, kry die skuld vir die oortreding en word selfs verwyder uit die ouerhuis.  Die ouer kind dink meer logies oor die gevolge van die oortreding en verstaan dat die ouer tronk toe kan gaan en dat die gesin 'n verlies van inkomste kan hê.  Die stigma en skaamte wat die gesin in die gemeenskap moet hanteer verseker dus dat die kind nie sal praat nie.  Lewis (1999:100) sluit hierby aan en meld dat kinders vrees dat hulle nie geglo sal word nie en hulself gevolglik onttrek en isoleer.  Dit is die ideale situasie vir die oortreder, want hy kan ongestoord voortgaan met die onsedelike aanranding.

### 3.11.2 Skuld en skaamte

Skuld en skaamte volg wanneer die kind vasgevang word in die siklus van geheimhouding en die verdra van onsedelike aanranding.  Hobbs, Hanks en Wynne (1993:127) meld dat die kind se weerloosheid en onvermoë om hulp te soek die indruk gee dat die kind meedoen aan die aktiwiteit.  Wanneer die kind die oortreding bekend maak, word sy oortuiging dat hy nie meegedoen het nie, sterk bevraagteken.  Hierdie "verdra" van die onsedelike aanranding laat die kind voel dat hy verantwoordelik is vir die oortreding.

Volgens Anderson en Guerrero (1998:129) hou skuld en pyn met mekaar verband.  Hulle verduidelik dit soos volg.  Skuld word veroorsaak deur die individu se eie belewenis, terwyl pyn veroorsaak word deur 'n ander persoon as die een wat die pyn beleef.  Mense het verskillende benaderings om skuld en pyn te herstel.  Persone wat skuldig voel het die behoefte om te herstel; daarenteen het diegene wat pyn beleef die behoefte dat die persoon wat die pyn veroorsaak het, dit moet staak.  Die aandeel van diegene wat die pyn veroorsaak word dikwels nie geïdentifiseer nie omdat dit vir die slagoffer nodig is om hierdie verhouding in stand te hou.  Die oortreder se gedrag word verskoon weens eksterne faktore wat daartoe aanleiding kon gee of selfs deurdat die kind self verantwoordelikheid vir die oortreding neem.

Volgens Anderson en Guerrero (1998:129) is een van die redes waarom kinders skuldgevoelens beleef, die feit dat hulle juis probeer om beheer te neem van hulle lewe.  Pyn is 'n reaksie op 'n ander se gedrag teenoor die individu; skuld daarenteen veroorsaak 'n selfbewussyn wat verantwoordelikheid vir ander neem en wat die slagoffer daartoe bring om sensitief te wees vir die ander persoon se behoeftes.  Die oorsprong van pyn lê buite die persoon, maar die gevoelens is self-georiënteer en word deur die persoon self toegelaat.

### 3.11.3 Verlies teenoor vertroue

Die kind wat onsedelik aangerand is ervaar volgens Hobbs, Hanks en Wynne (1993:127, 134) ‘n verlies van sy kinderlewe en poog om ten spyte van geheimhouding van die onsedelike aanranding tot volwassenheid te ontwikkel. Dit het die implikasie dat die kind waarskynlik moeilik tot emosionele intelligensie sal vorder, omdat dié intelligensie in kontras staan met die emosie van weerloosheid. Volgens Blom (2003:1) word emosionele intelligensie weerspieël in kinders se bewustheid van hulle emosies, in hulle denke oor emosies, in hulle verstaan van emosionele kennis, in hulle uitdrukking en hantering van emosies, in hulle akkurate waarneming van hulle eie en ander se emosies en in hulle ontleding, regulering en bestuur van emosies.

Oortreders is meestal volwassenes wat bekend is aan die kind, hetsy mans of vrouens. Onsedelike aanranding beïnvloed die kern van die kind se ontwikkeling, naamlik die kapasiteit om te vertrou. Lewis (1999:100) konstateer dat wanneer ‘n volwassene ‘n kind betrek by seksuele aktiwiteite, hy sy mag en beheer misbruik en sodoende die vertroue vernietig wat die kind in hom het. Die verlies van sekuriteit en vertroue sal groter wees as die oortreder iemand is wat betekenisvol is in die kind se lewe.

Die wyse waarop die kind aan ervaring betekenis gee, daarby betrokke raak en dit belewe, het tot gevolg dat daar voortdurende wisselwerking tussen selfkonsep en selfaktualisering is, wat weer bepaalde gedrag tot gevolg het. Volgens Hobbs, Hanks en Waynne (1993: 132) voel die kind dat daar verraad teenoor hom gepleeg is wanneer hy onsedelik aangerand is deur ‘n bekende en dat hy nie beskerm word deur sy ouer nie. Hy beleef gevoelens van magteloosheid en verbeur sy ouer se respek en liefde. Dit bring mee dat hy nie tot selfaktualisering kom nie. Die kind wat onsedelike aangerand is deur diegene met wie hy ‘n betekenisvolle verhouding het, sal nie tot selfverwesenliking kom nie weens ‘n verlies van vertroue.

### 3.11.4 Magteloosheid en lae selfbeeld

Die kinderslagoffer van onsedelike aanranding beleef homself as waardeloos, magteloos, skuldig, blootgestel en bedreigd. In sy hantering van die verskillende ontwikkelingstake is die kind afhanklik van sy ouers se liefde, kennis, ondersteuning en beskerming. Indien hy

hulle liefde verbeur, kan die kind volgens Karson (2001:7) soos volg reageer: " *The abused child has found ways to transform feelings of helplessness, anger and despair into behaviours that challenge adult control. In these paterns the 'victimized' child has become the 'powerful child*'.

### 3.11.5 Selfvernietigende gedrag

Hobbs, Hanks en Waynne (1993:128) noem dat selfvernietigende gedrag kenmerkend is van kinders wat onsedelik aangerand is. Sulke gedrag sluit in self-haat, self-beserings, selfmoordpogings, promiskuïteit, manipulering van ander kinders in seksuele gedrag, verwerping van die ouer wat bewus was van die onsedelike aanranding en dit nie voorkom het nie, aggressie, anti-sosiale gedrag, vandalisme, depressie en dwelm- en alkoholmisbruik.

### 3.11.6 Vae grense en rolverwarring

Volgens Lewis (1999:105-107) ontstaan vae grense en rolverwarring wanneer onsedelike aanranding binne die gesin plaasvind, byvoorbeeld bloedskande tussen vader en dogter, moeder en seun, asook vader en seun (alhoewel laasgenoemde min gerapporteer word). Gallinetti (2004:213) stel dit dat bloedskande voorkom wanneer twee persone deur die wet verbied word om in die huwelik te tree, seksuele omgang met mekaar het. Bloedskande tussen vader en dogter word gekenmerk deur die vader se patriagale en outoritêre ouerskapstyl. Hy beskou sy dogters as sy besittings, en beheer sy gesin met vooropgestelde idees van rolle en verpligtinge volgens sy persepsie van die vroulike en manlike geslag.

Waar onsedelike aanranding in gesinsverband plaasvind, ervaar kinders terselfdertyd gevoelens van liefde en haat. Hulle wil hê die oortreding moet staak, maar spreek die behoefte uit om steeds 'n verhouding met die oortreder te hê. Lewis (1999:106-107) beweer dat die moeder dikwels weet van die misdryf deur die vader, maar dat sy om verskeie redes verkies om dit nie te beëindig nie. September (2004:309) dui aan dat daar vir kinders 'n hoë risiko vir onsedelike aanranding is waar dwelms en alkohol misbruik word. Vae grense en rolverwarring manifesteer wanneer die moeder afhanklik is van haar kind se "oordeel" omdat sy nie kan lees of skryf nie, en wanneer sy afstand doen van haar rol as vrou vir haar eggenoot

of saamleefmaat. Sy gee dus haar goedkeuring vir ‘n seksuele verhouding tussen haar kind en haar eggenoot of saamleefmaat.

### 3.11.7 Regresserende ontwikkeling

Tydens die middelkinderjare is die portuurgroep baie belangrik. Volgens Louw (1998:368-369) moet die kind met die portuurgroep identifiseer om nuwe gedrag aan te leer, kennis en inligting oor te dra, reëls en regulasies te gehoorsaam, geslagsrolle te versterk en op gelyke vlak met die lede van die groep mee te ding. Die kind wat onsedelike aanranding ervaar het, keer dikwels terug na ‘n vorige ontwikkelingsvlak waar hy in beheer is, eerder as om op gelyke vlak in sy portuurgroep mee te ding.

### 3.11.8 Dissosiasie

Dissosiasie verwys na die kind se vermoë om homself te beskerm teen bewustelike pyn. Hobbs, Hanks en Wynne (1993:127) noem dat alhoewel kinders aanvanklik weerstand toon teen onsedelike aanranding, hulle dit later gelate aanvaar weens hulle magteloosheid om dit te verhoed. Hulle vind dat dit minder pynlik is as hulle bloot stil lê en maak of hulle slaap. Die kind leer dus om sy bewustheid te onderdruk of te ontken.

### 3.11.9 Depressie

Volgens Lewis (1999:100) beskik kinders nie oor die vermoë om uitdrukking te gee aan die trauma van onsedelike aanranding nie. Juis daarom word hulle klinies depressief, beleef hulle afstomping van gevoelens en toon hulle emosionele onstabiliteit.

### 3.11.10 Aggressie

Tydens die middelkinderjare begin kinders om direkte aggressie teenoor ander kinders te rig met die primêre doel om hulle seer te maak. Volgens Louw (1998:352) dui verskeie studies daarop dat kinders wat in hulle vroeë jare aggressief is, ook in hulle latere jare aggressief sal voorkom. Eweneens sal kinders wat in hulle vroeë jare saggeaard voorkom, ook in latere jare saggeaard voorkom. Louw toon verder aan dat basiese biologiese veranderlikes en die invloed van kulturele veranderlikes meebring dat verskillende geslagsrolle rakende aggressie

aan seuns en meisies toegeken word. Hierdie kinders toon dikwels uitdagende gedrag teenoor ouers en ander volwassenes.

### 3.11.11 Sensitiwiteit

Die wyse waarop kinders sensitiwiteit vir ander ontwikkel tree geleidelik in. Kinders word bewus dat mense se waarnemings en denke verskil, dat daar 'n gaping kan wees tussen wat iemand se bedoeling kan wees en dit wat hy in werklikheid doen en dat mense se ervarings van dieselfde gebeurtenisse verskil. Die kind toon die behoefte om ander tot hulp te wees. Verskeie ondersoeke toon dat altruïsme met ouderdom toeneem en verband hou met die vlak van morele ontwikkeling. Kinders stel vas dat hulle gedrag ook 'n reaksie ontlok van diegene wat hulle waarneem. Ontwikkeling van sensitiwiteit bring mee dat kinders toegerus word vir die eise wat sosiale deelname gaan bring (Louw, 1998:352-353).

Volgens Blom (2003:51) is die regulering/bestuur van emosies in ander deur negatiewe emosies te temper en positiewe emosies te bevorder, 'n vaardigheid om emosioneel effektief met ander in interaksie te tree. Hollely (2000a:107) noem dat die kind se normale proses van ontwikkeling van vertroue en sekuriteit in volwassenes en die portuurgroep ernstig geskaad word weens onsedelike aanranding. Gevoelens van verlies manifesteer in wantroue en vrees. Die kind se ontwikkeling van sensitiwiteit kan nie normaal plaasvind nie en hy kan dus nie toegerus word vir die eise wat sosiale deelname bring nie.

### 3.11.12 Onvanpaste seksuele gedrag

Dit is nie duidelik waarom kinders wat onsedelik aangerand word dieselfde met hulle portuurgroep of jonger kinders wil doen nie. Lewis (1999:100) is van mening dat wanneer kinders onvanpaste seksuele gedrag openbaar, dit toegeskryf kan word aan die slagoffer se poging om sy verlies en magteloosheid te herwin deur beheer so terug te kry.

Kinders kan nie hulle woede teenoor die oortreder wys nie en onderdruk dit. Sulke woede kan egter op 'n ander wyse manifesteer, byvoorbeeld deur onvanpaste seksuele gedrag.

## 3.12 SAMEVATTING

Die kind wat groei na volwassenheid se normale ontwikkeling word ernstig beïnvloed deur onsedelike aanranding. Tydens die kind se ontwikkeling vind daar duidelike veranderinge plaas in sy liggaam, denke, waardes, persoonlikheid en identiteit. Hy moet sosiale vaardighede aanleer, beheer van sy emosies neem, besef dat sy optrede reaksie van ander ontlok en ook verstaan hoe ander mense voel.

Die kind se persoonlikheid word verder beïnvloed deur ouers wat self nog onvoltooidhede het in hulle eie ontwikkeling weens hulle opvoeding. Dit bring mee dat eise aan kinders gestel word wat nie toepaslik is vir hulle ouderdom nie. Speel is 'n natuurlike manier om die kind voor te berei op sy verantwoordelikhede. Kosbare tyd word egter voor die televisie deurgebring. Humor en vriendskap is noodsaaklik om die kind se selfbeeld te versterk. Die kind se selfbeeld word deur baie faktore beïnvloed, onder andere deur die omgewing waarin hy grootword soos sy gesin, die skool en die rol wat die portuurgroep speel. Die kind se prestasie op skool word veral beïnvloed deur goeie verhoudinge tuis en die rol wat die onderwyser speel. Die portuurgroep help die kind om die waardes wat hy in die gesin geleer het, te toets.

Die invloed wat onsedelike aanranding op die kind het wissel na gelang van die kind se ervaring, kennis van seks en die omstandighede waarin dit plaasvind. Kinders kan presenteer met gevoelens van magteloosheid, skuld, skaamte, verlies van vertroue, depressie, aggressie en onvanpaste seksuele gedrag.

Die volgende hoofstuk handel oor hofvoorbereiding met die kind wat onsedelik aangerand is. Tydens die ondersoek na onsedelike aanranding word die kind geïdentifiseer as die slagoffer, klaer en getuie.